Volume 3 Number 1 September 2005

SPP NEWS

Inside this issue:

The Agrarian Question. The rural landless poor– where to now?	1
Land and Agrarian Reform on a New Path	2
Plaaslike druk lewe resultate	3
Die Grondstryd van MST (Brasilië)	4
Debate: Agrarian Reform in South Africa Today	5
Vordering Met Transformasie-proses in Namakwalandse Landelike Gebiede	6
Onwettige Uitsettings Gaan Volstoom Voort	7
Die Howe vir Vroue Veldtog	8
Kortliks	8

Editor's Note: The Agrarian Question. The rural landless poor—where to now?

Welcome to the first SPP NEWS for 2005. The aim of the newsletter is to inform our readers of the opportunities and challenges facing the landless in the Northern and Western Cape. We want to encourage you therefore to make contributions by sharing your experiences, successful initiatives as well as challenges. We hope that through our newsletters we will be able to not only inform, but also to stimulate debate and discussion on the agrarian question.

While a drought was raging in the country, leaving many emerging farmers with losses, rain finally poured for the landless communities when government finally acceded to their call for a National Land Summit to review the unsuccessful land reform framework. The struggle for agrarian reform has taken a new turn for landless men and women in South Africa. The unity displayed by the landless men and women during this process was a cause for celebration. In this issue we share with you some insight and reflections on the recent land summit. (See Page 2).

This experience also influenced emerging farmer forums in the Bergrivier, Matzikama and Cederberg municipal areas of the West Coast to have local demonstrations to show their frustrations with the slow pace of land and agrarian reform. One of their key demands was to place a moratorium on the eviction of farm workers/dwellers. According to a recent research report approximately 1 million farm workers/dwellers were evicted since 1994. Read more about these local actions on Page 3.

You will hear more about the courage and determination of rural women as experienced and observed by Sylvia Lukas on a recent exchange visit to the MST in Brazil on Page 4.

In the Northern Cape, Act 9 communities organised themselves to discuss the slow transformation process. All of this demonstrates that organisation and mobilisation are important instruments in effecting change. A short summary of the pace of the transformation process is set out for your information on Page 6.

You'll be happy to know that SPP has a prize for a reader who comes up with a new name for our newsletter. The winner will receive a mystery prize. The next issue (in November) will deal with the Impact of World Trade on emerging farmers and sustainable agriculture.

It is with sadness that we bid farewell to Nondumiso Gqomfa who has been instrumental in the development of the SPP NEWS to share information and experiences of communitites of the Namaqualand, Hantam Karoo and West Coast regions. We wish her all the best.

Land and Agrarian Reform on a New Path

Geraldene Both, Katriena Stuurman, Delina Cloete at the National Land Summit, Johannesburg

The recently held provincial and national Land Summits demonstrated to the landless communities that it is only through a consistent process of struggle and critical engagement that transformation can be effected. The national Land Summit adopted a range of resolutions that could, if implemented, put land and agrarian reform on a new path. Mr. Andrew Erasmus representing landless communities of the West Coast, also made a presentation at the summit. He says he is confident that land and agrarian reform has been taken on a new path. As landless communities, they are monitoring how the resolutions that were adopted are being implemented.

At the conclusion of the Land Summit, resolutions were adopted that landless communities and land sector organisations have been calling for since the dawn of our new democracy. As expected, most of the resolutions adopted have been rejected by AgriSA, to the point of threatening government that they would challenge any reform in the constitutional court if need be. This should again demonstrate to us that land and agrarian reform would only take place through a process of struggle and organisation. The following are some of the resolutions that were unanimously adopted at the National Land Summit:

- The rejection of the willing–buyer-willing–seller principle as the basis for land and agrarian reform
- The proactive acquisition of land that is required using expropriation when necessary
- A moratorium on evictions of farm dwellers
- The insertion of a "social obligations clause" in the constitution to protect those who occupy underutilised land
- A needs–based-people–centered approach to land needs identification and land acquisition; and
- The need for a proactive role for the state in driving land and agrarian reform, and providing the other support services that will enable people to succeed on the land.

These and other resolutions, if implemented, could radically shift land and agrarian reform and bring about the transformation that landless communities are struggling for. The resolutions were adopted without any objections from both government officials and politicians. The key challenges for landless communities are to ensure that these resolutions are implemented and that government is accountable to the people. In the Western Cape for example, there is already an initiative to organise landless communities and other land sector organisations to keep government accountable and struggle as a united front for land and agrarian transformation.

Plaaslike druk lewer resultate

Optog in Matzikama

Die Matzikama Opkomende Boere Forum het met die ondersteuning van SPP hulle frustrasie met die stadige pas van Grondhervorming gedemonstreer met 'n opmars na die Matzikama Munisipaliteit. Die optog het op Saterdag, 9 Julie, van-af Vredendal-Noord begin. Gemeenskapsverteenwoordigers van oral in die Matzikama area het op 'n ordelike wyse deelgeneem aan die proses.

SPP het op Saterdag 18 Junie 'n werkswinkel met Opkomende boere gehou om die Nasionale Grondberaad en gemeenskapsdeelname te bespreek. Verteenwoordigers het gevoel dat hulle 'n impak wil maak deur eers op plaaslike vlak te demonstreer en sodoende die kwessies ' nader aan die mense' te bring. Dieselfde proses was beplan vir die Cederberg en Bergrivier munisipaliteite.

Kwessies wat ondermeer opgeneem is, is die onwettige uitsettings van plaaswerkers, water vir opkomende boere, dienslewering, toelae, finansiële ondersteuning vir opkomende boere en 'n goeie boerevestigingsprogram.

Die memorandum vir die Matzikama area was ontvang deur Raadslid Ruben Saul en voorgelê by 'n burgemeesterskomitee vergadering. Die Matzikama Munisipaliteit, SPP en die Opkomende Boere Forum het 'n opvolgvergadering gehad waar die munisipaliteit 'n finansiële verslag van hul opkomende boere program gegee het.

Cederberg Emerging Farmer Forum says "Ons is Gatvol"

"Ons is Gatvol," read a poster displayed by a demonstrator during a march by the Cederberg Emerging Farmer Forum in Clanwilliam. Members of the Forum marched to the Cederberg municipal offices frustrated with the slow process of land and agrarian reform in the West Coast. After ten years of democracy the landless farmers of the Cederberg municipal area are still struggling to get access to the municipal commonage land. The only person that has access to the commonage land is a white commercial farmer in the area. The protest action was part of the forum's ongoing struggle for land and agrarian reform, particularly access to commonage land. Lucy, a member of the forum, said that part of the aim of the march was to raise awareness amongst the landless communities in the Cederberg of their struggle for land and agrarian reform

Arriving at the municipal offices, the demonstrators soon discovered that the offices were closed and that there was no one in sight to receive the memorandum. Angrily they requested the police to fetch the councillor of the area at her home. After the police brought the councillor, the demands of the forum were read. They called on the municipality to: identify and immediately make available all commonage land to emerging farmers; fast-track land and agrarian reform; assist farmers with post settlement support and that they receive greater access to water and other natural resources in the area. The memorandum was received by the councillor who indicated that they would respond to the demands of the landless farmers.

The marchers then proceeded to their meeting place where they discussed how to take their struggle forward. It was concluded that it was only through organisation and struggle that they would be able to transform society. A meeting was held with the mayor Mr J. Meyer where it was decided to transfer commonage land to the farmers in November 2005.

Die Grond Stryd van die MST deur Sylvia Lukas

Optog… hoeveel dae?

Twee vroue van die Weskus (Sylvia Lukas en Sarah Manevil—Cederberg Opkomende Boere Forum) het onlangs die geleentheid gehad om die MST in Brasilië te besoek. Vir drie weke kon hulle leer oor grondhervorming en hoe om sosiale bewegings te bou en te organiseer.

Die MST het onlangs 'n optog gereël waar 12 000 grondloses vir 17 dae omtrent 200 kilometers geloop het om hulle griewe aan die regering en die breër samelewing ten toon te stel. Deur die aksie het die regering aan sommige van hulle griewe ag gegee veral om families te vestig op landbou grond.

Die MST is 'n beweging van grondlose mans en vroue wat hulle beywer vir landelike hervorming en breër transformasie van die Brasiliaanse samelewing. Die beweging was ongeveer 20 jaar gelede gestig om die probleem van grondloosheid aan te spreek. Net soos in Suid Afrika besit 'n klein groep grondeienaars en landbou besighede die meeste van die landbou grond terwyl 'n groot persentasie van die bevolking grondloos is.

Die primêre doel van die beweging is om grond te bekom vir landbou doeleindes om die probleem van landelike armoede en voedselsekuriteit aan te spreek.

Basiese Organisering Binne MST

Wanneer grondlose en hawelose mense 'n stuk grond beset, organiseer hulle hulself in groepe of families. Voor die vestiging hou hulle vergaderings. Die gebied wat beset gaan word, moet vooraf ge-identifiseer word. 'n Studie moet gemaak word van hoe die grond voorberei moet word; die fisiese omstandighede, die verkryging/ beskikbaarheid van water asook, die moontlikheid vir die aanlê van boerdery eenhede, toekomstige produktiewe moontlikhede ens.

Dit is noodsaaklik dat almal saamwerk nie slegs die mans nie. Vroue word in alle besluitneming erken. Die groep moet groot genoeg wees dat sou probleme ontstaan en geweld uitbreek, daar met die grondeienaars onderhandel kan word. Die tyd en datum van besettings word hoogs geheim gehou tot op datum van besetting.

Die Kampe

Die families sit kampe op en berei genoegsame huise voor met swart plastiek tente. Hulle plant op enige beskikbare grond, gewoonlik slegs klein tuine. Hulle werk in noue samewerking, veg vir gesamentlike verbeteringe in plaas van as individuele. Die MST het geleer van ondervinding oor landbou praktyke, deur volhoubare landbou modelle te aanvaar, ook ekologiese landbou genoem.

Strategie Vir Opvoeding

Die metodes van die beweging sluit in optogte, okkupasie van grond, organiese produksie van grond, onderhandelinge met die regering onder andere. Deur druk te plaas op die regering het die beweging tesame met ander rolspelers 'n Nasionale Plan vir Grond en Landbou Hervorming saamgestel waar in 2001 ooreengekom is om 430 000 families te vestig op landbou grond oor 'n periode van 3 jaar.

Die MST leer dat alles bereik kan word deur 'n stryd. Hierdeur leer mense om in 'n stryd gewikkel te wees, daar goeie strategieë moet wees. MST glo dat as jy deel in die stryd jy ook politieke bewusswording moet ontwikkel en jou kennis verder moet ontwikkel. Derhalwe plaas hulle groot klem op politieke opvoeding en opleiding.

Selfs tydens optogte (soos die een waaraan ons deelgeneem het) word besprekings gehou. Deur die optogte maak hulle ook die breër samelewing bewus van hul stryd om grond. Hulle organiseer publieke vergaderings tydens optogte. Die MST het al meer as 1 miljoen lede so gewerf en bewus gemaak.

Mobiele skole is vanaf graad 1 – 4. Smiddae is die skool oop vir jongmense en volwassenes. Daar is 'n saal vir opleiding wat mense smiddaes bywoon. Die MST het in een van die kampe onlangs hulle eie skool gebou.

Geskiedenis het bewys dat deur kollektiewe aksie daar verbeteringe in mense se lewens teweeg gebring kan word.

Sylvia Lukas en Ricado Jacobs van SPP rus na die optog.

Debating: Agrarian Reform in South Africa today

Agrarian Reform in Historical Context:
Agrarian reform or the Agrarian Question have become fashionable concepts within debates in South Africa. The agrarian question in its historical context has focused on the transition from pre capitalist to capitalist development. This means before land dispossessions, South Africa was predominantly a subsistence economy. The majority of the population lived in rural areas making a living from agriculture. Black farmers had free access to plenty of land and produced for subsistence. They made use of traditional methods that were environmentally sustainable and made use of their own labour.

There are still elements of a pre capitalist economy existing in some parts of the country. Today we have a market (capitalist) economy that functions in a particular way. In a market economy there are three elements namely **Production**, **Distribution** and **Consumption**.

Production is primarily to maximise profits, Distribution is through the markets and Consumption is not based on the needs of people but based on the ability or power to buy. The major resources of the country (land, labour, capital and natural resources) are owned and controlled by a few rich individuals. This gives rise to the existence of different classes both in rural and urban areas.

Class structure in South Africa
Classes are defined in relation to their ownership of the wealth and resources of a country including the power to work. Three important classes exist in rural areas today that have a different relation to the wealth and resources of the country. They consist of:

- Rich Commercial Farmers: They own large farms (almost 70% of all agricultural land) and are involved in large-scale agriculture. They hire workers in exchange for a wage or a piece of land or in some instances for alcohol – "dop system". The primary goal of production is for profit. Exploitation of their workers and others is often the means by which they maximise profits.
- Small scale farmers: They have access to small plots of land, mostly leased or sometimes owned. Some of them have access to land in exchange for their labour services. They mostly depend on their own or family labour. Production is aimed at meeting their family needs.
- Farm workers: They are landless and have to sell their labour to rich farmers for a low wage. Have no secure tenure and are often evicted off farms. The most vulnerable and poor in rural areas.

Historically, the relations between these classes have not always been friendly and have been characterized by conflict and unequal power relations.

Why Agrarian Reform?
Agrarian reform does not only refer to the physical redistribution of land, but a radical transformation of rural relations. Thus agrarian reform has to resolve the following problems:

Economic Problems: Its core focus should be the eradication of increased poverty and inequality; food insecurity, maintaining the balance of agricultural production between export and domestic markets and agricultural restructuring.

Social and Political Problems: It has to change the land ownership and concentration patterns that lead to more landlessness, homelessness and land concentration. Moreover it has to transform social relations and unequal power relations in rural areas between the different classes. Land concentration also leads to rural displacement and gender inequality.

Historical Problems: It has to resolve the colonial dispossession of land as a productive asset and how the current legal framework

Continues on page 6

Vordering met Transformasieproses in Namakwalandse Landelike Gebiede

In 1998 is die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, Wet 94 van 1998, gepromulgeer. Hierdie wet maak voorsiening vir die oordrag van die niedorpsgronde (of soos die wet dit noem die grond in die restant) aan 'n munisipaliteit of CPA/GPV (Gemeenskaplike Eiendomsvereniging). Daar is in die algemeen na die proses (om by 'n besluit oor die oordrag van die grond(e) aan 'n bepaalde entiteit(e) te kom), as die transformasieproses verwys.

In 2001 het die 6 Namakwalandse landelike gebiede, (Richtersveld, Steinkopf, Komaggas, Concordia, Leliefontein en Pella) begin met die implementering van hierdie proses. Hierdie proses is deur SPP gefasiliteer. Teen middel 2003 het al die Namakwalandse landelike gebiede, met die uitsondering van Komaggas, hul prosesse voltooi.

Die Departement van Grondsake (DGS) is tans besig om self die transformasieproses in Komaggas te fasiliteer. In al die gebiede het die transformasieprosesse geëindig in 'n referendum waarin inwoners 'n aanduiding kon gee aan watter entiteit (e) die grond(e) oorgedra moes word.

In September 2003 het SPP die finale verslae aan die provinsiale kantoor van die Department van Grondsake oorhandig. Die DGS is veronderstel om op grond van die verslag, aanbevelings aan die Minister te maak. SPP en LRC se aanvanklike ooreenkoms met die DGS was dat hulle sal konsulteer oor die finale aanbevelings en dat die transformasie- komitees, munisipaliteite en SPP/LRC ook insette sou lewer. Hierdie ondernemings was bevestig tydens opvolgvergaderings met die DGS gedurende 2004. Ongelukkig kon ons tot op hede geen verdere terugvoering van die DGS kry nie. In die lig hiervan is 'n streeksvergadering met alle transformaskiekomitees en munispaliteite op 25 Augustus 2005 gehou waarin die pad vorentoe met die transformasieproses uitgestippel was.

'n Brief is in hierdie verband aan die provinsiale direkteur van DGS, Noordkaap gestuur waarin die volgende versoek is:

1. Afskrifte van verslae en aanbevelings soos aan top-bestuur van die Departement van Grondsake gestuur;
2. Afskrifte van verslag soos aan die Minister gestuur;
3. Toeligting oor die voorgenome ondersoek van die kosteimplikasies. Die deelnemers aan die vergadering versoek asseblief ook spesifieke toeligting in hierdie verband.

Die vergadering het ook die volgende stappe voorgestel met betrekking tot die pad vorentoe: herlewing van transformasiekomitees en hul leidende rol; vergadering met LUR, Tina Joemat (voor einde September 2005); vergadering met Thoko Didiza; plaaslike optogte en plaaslike gesprek met LUR Boeboe Van Wyk (Plaaslike Bestuur en Behuising).

"Ongelukkig kon ons tot op hede geen verdere terugvoering van die DGS kry nie."

From page 5

Debating: Agrarian Reform in South Africa Today

legitimises this dispossession. Some academics even suggest that the current constitution of South Africa makes dispossession legitimate. It also has to resolve the problem of the ecological destruction of rural areas by rich commercial farmers and other business.

Some of the questions we have to debate as the landless, poor, small-scale farmers and farm workers/ dwellers in our different structures are: Can we have agrarian reform within the current market based economic system? How should the agricultural sector be restructured to address the development problems in rural areas? In the next issue we will debate agricultural restructuring and land reform in South Africa.

Land area of South Africa
122 320 100 ha

Land area of former "homelands
17 112 800 ha (13.9% of total)

Land area of former "white" SA
105 267 300 ha (86.1% of total)

Land area of commercial agricultural land 86 186 026 ha (70.4% of total)

Official target for commercial agricultural land
25 855 808 ha (30% of total)

Onwettige Uitsettings gaan volstoom voort

Andries Titus met 'n plaaswerker

Tien jaar van demokrasie en plaaswerkers moét nog die nektar van vryheid ervaar. Dít, volgens 'n navorsings verslag van Nkuzi, is die ervarings van plaaswerkers:

- Die meerderheid van Swart (African, Kleurling) Suid-Afrikaners ervaar nog steeds uitsettings.
- 77% van die uitsettings word deur vrouens en kinders ervaar.
- Die werkers wat uitgesit word is kwesbare lede van ons samelewing. Tipies word hulle gekenmerk deur lae vlakke van opvoeding en lae inkomste.
- Die onmiddellike omstandighede na die uitsettings is dikwels vernietigend – totdat mense hulself kan hervestig.
- Persone wat uitgesit word betaal vêr meer vir dienste af van plase en verloor hul toegang tot natuurlike hulpbronne op plase.
- Ongeveer 1 miljoen swart mense is al van 'wit' plase verwyder sedert 1994.
- 48% is nou in townships, meestal in die armer gedeeltes.
- 30% is in informele nedersettings (informal settlements).
- Oor die algemeen is daar geen beplande nedersettings vir plaasbewoners in plaasareas nie.

Die grondonteiening van Swart Suid Afrika asook die konsentrasie van grondeienaarskap in die hande van die minderheid, gaan onverpoos voort in post-apartheid Suid Afrika.

Andries Titus, een van SPP se ontwikkelingswerkers, wie hierdie realiteite op 'n daaglikse basis ervaar, vertel die storie van Jan kramer[1].

JAN KRAMER SE STORIE:

Jan is 41 jaar oud. Hy woon al sedert 1994 op Skietfontein. Hy is getroud met Sannie en hulle het 3 kinders. Die jongste is 2 jaar oud en die oudste is 20 jaar oud. Die ander een gaan skool by Verlorensvlei Primêr en is in graad 3. Jan het voorheen vir XYZ boere gewerk en is op 31 Julie 1998 onregverdig ontslaan. Sy saak is na die CCMA verwys deur die Verlorenvlei Advieskantoor. Ek het ingetree voor die CCMA verhoor en het 'n mondelingse ooreenkoms met die bestuurder van die XYZ boere, Kat, bereik. Die ooreenkoms was dat Jan 'n bedrag van R3 000.00 sou kry en dat die bestuurder hom sou help met sy rugbesering wat hy by die werk opgedoen het. Jan sou dan weer werk op die plaas. Hierdie ooreenkoms is egter deur die plaasbestuurder terug getrek. Die ontslag van Jan was in Maart 1999 deur die CCMA aangehoor. 'n Ooreenkoms was bereik tussen die CCMA, die Advieskantoor, die plaasbestuurder en Jan Kramer. Dit was ooreengekom dat Jan 'n bedrag van R2500 sou kry. Hy moes ook die huis ontruim binne 6 maande. Toe SPP van hierdie ooreenkoms te hore kom het ek weereens aan Jan sy regte verduidelik. Die CCMA het geen jurisduksie om die voorgelegde aanbevelings te maak rondom sy regte as 'n okkupeerder nie. Ek het dit met die Kommissaris van die CCMA opgevolg. Volgens hom het hy aan al die betrokke partye verduidelik dat die CCMA slegs sodanige ooreenkoms kan fasiliteer, maar dat die hofproses rondom ESTA nog steeds moet volg. Nadat Serfaas sy weergawe aan Jan vertel het, is daar ooreengekom dat hy Jan sou ondersteun deur werk te verskaf asook verblyf op die plaas. Jan is egter die volgende dag terug na Serfaas om sy rugprobleem en ongeskiktheid vir werk oor te dra. Ongelukkig het ek nie geweet dat Jan ongeskik was vir werk nie. Ek het dit die volgende dag telefonies aan Kat, die plaasbestuurder van Serfaas verduidelik.

Ek het 'n telefoon oproep ontvang op 11 Augustus 2005 van Jan. Hy het my vertel dat daar 'n wit persoon, met Kat, die plaasbestuurder voor sy huis staan. Die witman het hom begin rondstoot en 'n afdruk van die ooreenkoms van 1999 met CCMA by hom gevra. Toe ek op die plaas kom was Jan baie onsteld. Sy vrou was met hom. Ons is terug na die plaas. Ek het versoek om met die witman te praat rakende Jan se regte en verantwoordelikhede. Die witman het begin vloek en skel op my. Hy het ook gedreig om my aan te rand. Ek en Jan is na die polisie stasie om 'n klag teen die man te maak.

In terme van ESTA is Jan 'n langtermyn okkupeerder. Hy het aansoek gedoen vir 'n HOP huis in Verlorenvlei. Hy is egter net bereid om die plaas te verlaat sodra sy huis klaar gebou is en aan hom oorhandig is.

[1]die persone wat in hierdie storie verskyn het skuilname.

Die 'Howe vir Vroue' Veldtog

Mense wat vir lang periodes onder verdrukking en diskriminasie gely het, begin glo dat haar of sy lewe onbelangrik is. Dikwels word hierdie stukkende selfbeeld omgesit in selfhaat wat dan mense vasvang in 'n bose kringloop. Vandag se kinders kan byvoorbeeld nie verstaan hoekom hul ouers nie baklei het vir hul regte nie. Ouers moet dikwels die verwyte aanhoor dat hulle die rede is waarom daar vir die nuwe generasies geen hoop op 'n beter lewe is nie. Daarom is dit belangrik dat ons 'n historiese verstaan moet kry van ons huidige sosiale, kulture, ekonomiese, geestelike en politieke verarming. Ons identiteit kan slegs verdiep word wanneer ons begin om waarde te heg aan ons lewenservarings. Dit is hoekom ons stories so belangrik is, want dit sê vir ons waarvandaan ons kom, en waarheen ons oppad is. As deel van die veldtog vir die versterking van vroue se grondregte gaan SPP 'n openbare verhoor hou. Die moontlike datum moet nog bepaal word. Die veldtog staan bekend as "Ons Ouma's se Stories – Die Provinsiale 'Howe' teen Grondloosheid en Armoede." Tot op datum het ons die stories van vrouens in Namakwaland, Hantam-Karoo en die Weskus opgeneem. Hierdie kan in verskillende kategoriee ingedeel word soos grondonteining, geweld teen vroue, rassisme, kinderarbeid ensovoorts. Ons hoop om verskillende organisasies en individue dwarsoor Suid-Afrika, maar ook in Afrika en ander dele van die wêreld deel te maak van die proses. Die idée is dat die Provinisiale Hof opgevolg sal word deur 'n Nasionale Hof wat al die kwessies van landelike vrouens in Suid-Afrika benadruk. Hierdie proses sal deur El-Taller ('n organisasie gebaseer in Noord Afrika) gefasiliteer word.

Kortliks

SPP Seminaar – Die Stryd vir Grond en Landbouhervorming in Brasilië

Hierdie SPP seminaar was 'n groot sukses. Die gasspreker, Professor Ramos, het MST se ontwikkeling gevolg en nagevors. Hy het hierdie inligting met deelnemers gedeel sodat ons kan leer hoe om sosiale bewegings (soos beweging van grondloses) te bou en te versterk. Verskeie organisasies teenwoordig kon hul eie ervaringe deel en kon idees win om hulle eie leringe tot aksie om te sit. Hierdie gesprek/ dialoog was veral belangrik na die Grondberaad en op 'n tydstip in Suid Afrika waar ons tesame bewegings van grondloses en armes wil bevorder en uitbou.

Werkswinkel: Organiese Boerdery en die Gebruik van Gifstowwe (29& 30 September 2005)

SPP, ander NRO's en opkomende boere gaan besin oor grondgebruik en die impak van gifstowwe op opkomende boere. Die onderwerpe wat bespreek sal word is: volhoubare landbou, organiese en biologiese boerdery; GMO gewasse en verhoging in gebruik van gifstowwe; gesondheidsrisikos van en blootstelling aan gifstowwe, organiese boerdery en markte vir opkomende boere.

Water Allokasie Hervorming

Die Departement van Waterwese en Bosbou het die konsepraamwerk vir die hervorming van watertoekenning onlangs gepubliseer. Hierdie dokument handel oor hoe water as 'n natuurlike bron meer gelyk herverdeel kan word aan voorheen benadeelde individue en groepe soos opkomende boere. Die departement verlang kommentaar oor die dokument voor 30 September 2005. Indien water as 'n bron nie eweredig verdeel word nie, sal dit tot 'n nuwe apartheid in Suid Afrika ontwikkel.

Weskus Grondhervormingstrategie

Die Weskus Distriksmunisipaliteit tesame met die Provinsiale Grondhervormingkantoor is huidiglik besig met die ontwikkeling van 'n grondhervormingsstrategie. Dit is belangrik dat grondlose gemeenskappe aktief aan die proses deelneem ten einde grond en landbouhervorming in die Weskus teweeg te bring. Ons moet verseker dat die strategie die eise en resolusies soos by die provinsiale en nasionale grondberade aanvaar, in ag neem en integreer.

LPM/MST Nasionale Werkswinkel

Die LPM en die MST (Brasilië) het 'n werkswinkel in Gauteng gehou vanaf 16-18 September 2005. Die doel van die werkswinkel was om te leer van die 20 jaar ondervinding van die MST veral hoe om 'n beweging te bou. Die werkswinkel was bygewoon deur verteenwoordigers van opkomende boere van die Weskus. Die MST het op hul beurt ook die Algemene Jaarvergadering van die Cederberg Opkomende Boere Forum in Julie 2005 bygewoon en hul ervaringe gedeel.

Surplus People Project

Kaapstad Kantoor:
Collingwood Weg 45, Observatory
Posbus 468, Athlone, 7760
Tel: +27 21 448 5606
Faks:: +27 21 448 0105
E-pos: spp@spp.org.za

SPP Calvinia: Posbus 228, Calvinia, 8190. Tel: +27 273 411 753
Faks: +27 341 2548
E-pos: pedro@spp.org.za

SPP Namakwaland
Posbus 669, Springbok, 8240
Tel: +27 2771 81370
Faks: +27 2771 81302
E-pos: edith@spp.org.za